

LAERSKOOL PANORAMA



TOELATINGSBELEID

1. Tradisioneel het skole voederareas – dit word bepaal deur die skool naaste aan u woning (woonadres) – voorkeur word aan leerders in hierdie area gegee t.o.v. skool toelating.
2. Alle leerders binne ons onmiddellike word geakkommodeer indien ouers ons skool verkies en die skool nie reeds vol is nie.
3. Toelating van leerders by die Laerskool Panorama word egter geweier indien hul buite die onmiddellike omgewing woon en 'n verhouding van 1:34 per klas bereik is.
4. Die verhouding word kunsmatig laer gehou omdat die Beheerliggaam die personeel uit eie fondse aanstel – ons strew na 'n verhouding van 1:34. Indien slegs die WKOD onderwysposte in ag geneem sou word, sal die verhouding baie hoër wees (1:39 – 2009).
5. Indien daar geen gepaste skool rakende taalvoorkeur in die woonarea is nie, kan ons leerders van naburige omgewings akkommodeer – indien ons die naaste aan hul woonadres is en ons plek het om hul te akkommodeer.
6. Ouers mag hul kind se naam op 'n waglys plaas by ons skool, indien hul buite die onmiddellike omgewing woon.
7. Dit is uiters belangrik dat hierdie ouers hul kinders ook by die skool in hul onmiddellike omgewing sal inskryf.
8. Indien ouers buite ons onmiddellike omgewing woon, verwag die Beheerliggaam van hul om hul skoolfooie ten volle te betaal. Elke aansoek vir vrystellings word egter op meriete hanteer.
9. Indien die ouers buite die onmiddellike omgewing woon, word hul kind(ers) se naam(name) op 'n waglys geplaas – 'n goeie motivering word benodig – dit is net regverdig teenoor ons naburige skole.

Ouers moet asseblief op die volgende let rakende aansoeke:

- Ons oorweeg eers aansoeke van binne ons ONMIDDELLIKE OMGEWING-WOONAREAS NAASTE AAN DIE SKOOL:

WELGELEGEN, PANORAMA, PLATTEKLOOF 1-4, 'N GEDEELTE VAN PLATTEKLOOF GLEN (hang af watter skool die naaste is), SILWERKLOOF ESTATE, KLEINMEER ESTATE, LA VIE ESTATE, LITTLE ROCKS, LEOPARD ROCK, VILLA CAPONERO, BARONETCY ESTATE, KLEINBOSCH and BURGUNDY ESTATE.

- Indien daar nog plek in die klasse is, oorweeg ons dan KINDERS BUIE ONS ONMIDDELLIKE OMGEWING:

Die volgende kategorieë vir kinders buite ons onmiddellike omgewing, INDIEN DAAR PLEK IS, is soos volg:

Kategorie A: Die wat reeds boeties en sussies in die skool het

Kategorie B: Die wat reeds in ons pre-primêre afdeling is

Kategorie C: Die wat geen verbintenis met die skool het nie

(Hierdie applikante sal, op die laaste, gedurende die eerste twee weke van die vierde kwartaal ingelig word of die aansoek suksesvol was al dan nie.)

Medi Clinic leerders - buite die area, word slegs in Gr R geakkommodeer. Hierdie leerders val onder kategorie C soos bo vermeld en word op meriete hanteer.

Afsnydatums:

Einde van derde kwartaal - alle kinders binne die onmiddellike omgewing moet ingeskryf wees - slegs nuwe intrekkers sal daarna sonder motivering kan inskryf.

Rede: Ons moet ouers buite die onmiddellike omgewing laat weet of ons hulle kinders kan akkommodeer. Hierdie ouers sal gedurende die eerste twee weke van die vierde kwartaal in kennis gestel word. Ons wil graag die klasgrootte beperk tot 'n maksimum van 34 leerders.

VOORSKRIFTE T.O.V. OUDERDOM EN TOELATING TOT PUBLIEKE SKOLE:

Die wet bepaal dat:

Elke ouer moet toesien dat elke leerder, vir wie hy of sy verantwoordelik is, 'n skool bywoon vanaf die eerste dag in die jaar waarin so 'n leerder 7 jaar oud word, tot op die laaste dag van die jaar waarin so 'n leerder 15 jaar oud word of in Graad 9 is, watter een ookal eerste plaasvind.

Graad R is nog nie verpligtend nie, hoewel dit baie sterk aanbeveel word. Indien, vir watter rede ookal, 'n leerder meer tyd in pre-primêr moet spandeer, moet skriftelike toestemming van die WKOD hiervoor verkry word. 'n Leerder moet 6 word in die jaar waarin hy/sy Graad R bywoon.

Indien 'n leerder 6 jaar oud word voor die einde van Junie :

Volgens omsendskrywe 0032/2003 MAG leerders wat 6 jaar oud word voor die einde van Junie, vanaf 2004 by Graad 1 ingeskryf word (diegene wat 5 jaar oud word voor 30 Junie in pre-primêre klasse)

Indien:

- dit bewys kan word dat buitengewone omstandighede die toelating van die onder-ouderdom (te jong) leerder genoodsaak, omdat toelating in sy/haar beste belang sal wees
- alle leerders wat 7 in Graad 1 of 6 in Graad R word, geakkommodeer is en daar nog plek in die graad is.

Dit is egter belangrik dat:

- die fisiese, psigologiese (sielkundige) en verstandelike vermoëns van die leerder in ag geneem sal word
- toelating regverdig sal wees teenoor die individuele leerder sowel as die ander leerders in die klas

Leerders wat 7 jaar oud word in Graad 1, kry voorkeur wanneer leerders ingeskryf word.

Ons wil dit dus beklemtoon dat ons eers ons klasse moet vul met leerders wat skoolpligtig is, voordat ons onder-ouderdom leerders sal oorweeg. Die pre-primêre skooljaar is van uiters belang.

Indien daar plek in die skool is, mag leerders buite ons onmiddellike omgewing op meriete aanvaar word. Leerders wat die grootste bydrae tot ons skool sal lewer, sal oorweeg word. Die rede hiervoor is

dat daar groot uitbreidings in Plattekloof is en ons baie kinders in die toekoms van hierdie woongebiede mag trek. Die skool is dus nie verplig om enige leerders van buite ons onmiddellike omgewing in te neem nie.

Die volgende punte soos vervat in Omsendskrywe 40/2004, is van belang en van toepassing by Laerskool Panorama

- Toelating moet tydig, wettig en doeltreffend gedoen word sodat onderrig en leer vanaf die eerste dag van die skooljaar kan begin.
- Met ouer/voog word verstaan, die persoon wat aanspraak maak op die versorging van en onderneem om die verpligtinge teenoor die leerder se onderwys op skool na te kom.
- Die toelating van leerders tot Laerskool Panorama is onderworpe aan die volgende wetgewing:
 - Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika
 - Die Nasionale Onderwysbeleidswet
 - Die Suid-Afrikaanse Skolewet
 - Die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys
 - Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid
- Elke persoon in SA het die reg tot basiese onderwys, daarom moet toelating regverdig geskied
- Elke leerder wie se skool Laerskool Panorama die naaste skool aan sy/haar permanente woning is, sal geregtig wees op gelyke toegang tot die skool.
- Daar mag dus nie op enige ONREGVERDIGE wyse teen 'n aansoeker gediskrimineer word nie.
- Geen toetsing mag gebruik word vir toelating nie, behalwe as dit deur die ouer van die leerder aangevra word vir plasing in 'n spesifieke graad.
- Die proses van onderhoudvoering mag nie as 'n DISKRIMINERENDE siftingsproses gebruik word nie.
- Daar mag teen geen ingeskrewe leerder gediskrimineer word t.o.v. toegang tot kulturele-, sport- en akademiese verpligtinge a.g.v. die feit dat sy/haar ouers nie die skoolfooie kan betaal, nie hulle wil vereenselwig met die skool se missie nie of weier om 'n kontrak aan te gaan vir die vryskelding van skoolfooie nie.
- Die ouer moet daarop gewys word dat hy/sy kan appeleer teen die besluit by die Provinsiale Minister van Onderwys (LUR).
- Geen verpligte registrasie-, deposito-, hertoelatings- of voortoelatingstoetsings-gelde sal gehef word nie.
- Geen eksamen- en assesseringsuitslae, vorderingsverslae, oorplasingsertifikate, leermateriaal, ens. sal van leerders weerhou word nie.